Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

4 September 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. LIEF EN LEED

Graag verwelkom ons die volgende personeel by ons skool:

1. Me. van Niekerk vir die vak Skeppende Kunste (Graad 8-9)
2. Me. Van Zijl vir die vak Wiskundige Geletterdheid (Graad 11)

Baie geluk aan me. A van Heerden wat die naweek in die huwelik tree.

2. TOETSE EN EKSAMENS

Die kurrikulum in alle vakke is aangepas. Daar gaan egter steeds formele assesserings én eindeksamens/toetse wees. Tans is daar 'n wanpersepsie dat leerders eenvoudig deurgesit gaan word na die volgende jaar. Ons skool het egter genoegsame onderrig gegee, d.m.v. Google Classroom tydens die grendeltyd, sowel as die vroeë infasering van alle grade. Dit is dus belangrik dat leerders steeds hul beste lewer in alle toetse/take/PAT's.
Leerders wat weens ko-morbiditeite of ouerkeuse tuis studeer, moet steeds inkom skool toe, ten einde hul toetse af te lê. Veiligheidsreëlings vir ko-morbiditeitsleerders sal in plek wees.

3. SKOOLDRAG

Gewone skooldrag geld vanaf 1 September. Vergewis u asseblief van die vereistes rakende voorkoms en skooldrag. Voorkomsinspeksies sal reeds by die hekke tot die skool gedoen word.

4. BYDRAE: VAT-HANDE-PROJEK

Baie dankie vir die groot bydrae tot die Vat-hande-projek. Die Wonnies het weer gewys hoe ons figuurlik hande kan vat en mekaar kan ondersteun. Dit word opreg waardeer.

5. GRAAD 8 (2021)

Die Graad 8-leerders vir 2021 het aansoek gedoen via die Departement van Onderwys se aanlynstelsel vir plek by Die Hoërskool Wonderboom. SMS'e sal vanaf 1 Oktober d.m.v. die aanlynstelsel aan ouers gestuur word vir moontlike aanbod vir plasing by die skool.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF